Klein Sterretjies
SPEELGROEP

# Ons unieke karakter

amelia@kleinsterre.co.za | +27 82 924 0994
Garsfontein | Pretoria

**"Die speelgroep waar kleuters so speel-speel al hoe slimmer word"**

ONS IS 'N CHRISTELIKE SPEELGROEP waar personeel ons waardes uitleef en deel met die kleuters.

EKSKLUSIEF HALFDAG – almal gaan in die middae huistoe en daar is nie 'n voldag opsie nie.

**Dit bied ongelooflike voordele:**

Vir ouers om hul kinders HALFDAG in te skryf, beteken dat 'n mamma by keuse nie werk nie, of halfdag werk, of van die huis af werk, of goeie ondersteuning van oumas en ander het sodat hul kleuters middae by hul eie huise kan wees. Op die manier belê ouers kwaliteit middagtyd in hul kinders. In 'n veilige omgewing, waar hul net hulself kan wees, waar hul een-tot-een aandag kry, waar hul waardes en maniere by die huis leer.

Ouers neem doelbewus 'n besluit om moeite te doen met hul kinders se opvoeding op alle gebiede. Indien AL die kleuters in 'n speelgroep middae by hul eie huise is, kry jou kleuter die groot voordeel om by die speelgroep maatjies te maak met ander oulike en gemanierde kinders – wie se ouers dieselfde besluit geneem het.

Ons ouers se ingesteldheid is dat hul kleuters skooltoe gaan om te sosialiseer, om dit te geniet en om belangrike vaardighede aan te leer. Nie noodwendig omdat ouers 'n voldag oppasdiens verlang nie. Daarom, en ook omdat die ouers 'n ondersteuningsnetwerk in plek het, kan siek kleuters maklik by die huis gehou word. Dit verseker dat daar minder aansteeklike kieme by die skool rond is, en dit verseker ook dat siek kleuters vinniger gesond word omdat hul tuis kan rus.

Omdat die personeel ook net halfdag werk, gee dit hul geleentheid om in die middae te rus en ontlaai. Hul is dus nie oorwerk, oormoeg, geirriteerd en ongeduldig as hul soggens met die kleuters werk nie. (Ongelukkig kom dit wel by ander plekke voor.) Dit is ook 'n rede waarom ons nie skoolvakansies oop is nie, almal moet rus – juffrouens en kleuters.

## UITSTEKEND OPGELEIDE PERSONEEL IS 'N ABSOLUTE PRIORITEIT

Ons personeel is baie ervare, maar tog jonk en energiek genoeg om met woelige kindertjies te werk. Ons kombinasie van 'n arbiedsterapeut, opvoedkundige sielkundige en kleuteronderwyseres – grade sorg vir 'n onverbeterlike span wat al die belangrikste areas van kleuters se ontwikkeling dek.

## BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Daar lê beslis waarde daarin om jou kind bloot te stel aan verskillende aktiwiteite en daarom bied ons uitgesoekte aktiwiteite by die speelgroep aan. Dit is egter buite ons vaste program-ure sodat kinders nie van ons eie program verloor en uit die klassie moet wees om aan 'n aktiwiteit deel te neem nie. Ons glo ook dat die persoon wat die program aanbied 'n voorbeeld en rolmodel vir die kleuters is, daarom is ons baie streng met die kies van persone wat ons toelaat om met die kleuters te werk.

Ons oorlaai nie ouers met keuses nie, ons het die bestes uitgesoek en jul kan met 'n geruste hart enige een of twee daarvan kies, indien jul sou wou.

Daar is nog tyd om in die middae ook aan ander aktiwiteite, soos veral privaat swemlesse, deel te neem. Ouers kan dan self die vordering sien en deel in die kleuter se genot.

## ONS GLO IN SPEEL

Speel is die manier waarop 'n kleuter die beste leer, sensories ontwikkel, kreatief bly, sosiaal en emosioneel groei, en motories ontwikkel. Slim en geleerde mense vergeet soms die waarde van gewone speel vir kinders! Ons moedig speel aan! Ons laat genoeg tyd vir vryspel deur die loop van die oggend. Ons help hulle om maatjies te maak, ons begelei hulle om speletjies te begin, en ons help selfs om modder te maak! Moet asb nie 'n skoon en netjiese kleuter verwag aan die einde van die speelgroep dag nie – dan was daar dalk nie genoeg speel nie!